BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 2/2019

14 Januarie 2019

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die 14 Jan 2019 BenguFarm opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy geweet?**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering

Ons is opgewonde oor die nuwe funksies en verslae wat onlangs ontwikkel is. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v14 Jan 2019) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en sodoende die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Indien jou BenguFarm-weergawe tans v16 Jul 2018 of later is** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf web.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is**, volg onderstaande stappe om die nuutste opgradering af te laai en te installeer. **Kontak gerus jou BenguFarm agent vir hulp, indien nodig.** Nadat BenguFarm op hierdie wyse opgradeer is, sal die web-opdaterings funksie in BenguFarm [Lêer > Opgradeer vanaf Web] weer werk vir toekomstige opdaterings.
  - Maak 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se).
  - Maak die BenguFarm program **toe**.
  - Gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates.
  - Laai die lêer **BenguFarm Update v14-01-2019.exe** soos gewoonlik af op jou rekenaar, naamlik regs kliek op die opgradering skakel en "Save link/target as...". 'n Klein skerm sal oopmaak waar die gebruiker kan kies waar die update lêer gestoor moet word. Sodra die plek gekies is, kliek op "Save" om te begin die lêer af te laai. Let op waar die lêer gestoor word.
  - Sodra die aflaai voltooi is, moet die self-onttrekking ("self-extracting") zip lêer uitgevoer word. Kies "Run" van die "Download Complete" dialoog. (Die "Download Complete" dialoog word vertoon deur die webblaaier sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows mag moontlik 'n sekuriteit waarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer moet "run" of nie. Kies die "More info" en/of "Run" / "Run anyway" om die opgradering te installeer.

- Die opgradering lêer sal outomaties die BenguFarm installasiegids soek en al die nodige lêers opgradeer. Wag totdat die "Update Installed" boodskap vertoon worden kliek dan op OK. Onthou om jou antivirus sagteware weer te aktiveer indien jy dit tydelik gede-aktiveer het.
- Maak BenguFarm oop en kyk of die nuwe weergawe inderdaad geïnstalleer is. (Die weergawe inligting vertoon aan die bokant van die hoofskerm. Dit moet wees **BenguFarm™ [Module] v14 Jan 2019**).

Wat is nuut in die 14 Januarie 2019 opgradering?

All modules:

- **BELANGRIK:** Hoofskerm > Dier Uitleg: Prosedures opkykskerm bygevoeg
- **BELANGRIK:** Algemene Kudde Uitgawes verslag bygevoeg [Verslae > Kudde Ontleding > Algemene Kudde Uitgawes]
- **BELANGRIK:** Diere per Kamp of Groep verslag: Opsie bygevoeg om 'n verslag te druk per groep ipv per kamp
- **BELANGRIK:** Funksie bygevoeg om etikette te druk vir biologiese monsters [Data Stuur/Opneem > Stuur > DNA Profieleringdienste > Druk Biologiese Monster Etikette]
- **BELANGRIK:** Diergetalle en -waardes verslag: Kamp opsie bygevoeg
- Unistel DNA lab diensaanvraag vorm: Pryse opgedateer vir 2019
- Kuddelys verslag: Kommersiële kudde uitleg bygevoeg
- Gewigte en Toenames verslag: Opsie om diere volgens kamp te groepeer bygevoeg
- KI skerm: Veld bygevoeg om koste te kan aanteken
- Teelwaardes verslag: Opsie om teelwaardes of teelwaarde indekse te toon
- Weeglys verslag: Opsie om Naspeurbaarheid No te druk
- Druk Dekbare Verse en Koeie skerm: Sluit Diere In wat nie *afgelope [#] dae* Geweeg is nie
- Clinomics DNA resultate intrek: Opsie om kalf se afdeling te opdateer
- Weiding Benutting per Kamp verslag: Berekenings inligtingskerm bygevoeg
- Druk Verse en Koeie Gekalf / Nog nie Gekalf verslag: Sluit Diere nie Geondersoek vir Dragtigheid In opsie bygevoeg
- Soek duplikaat diere: Kan verslag druk
- Kamp Aktiwiteite verslag: Opsie bygevoeg om opsomming ipv detail te druk

BEEF and SHEEP & GOATS Modules:

- **BELANGRIK:** APR500 data intrek: Verskeie intrek opsies bygevoeg

BEEF Module:

- Borguni ras bygevoeg

SHEEP & GOATS Module:

- **BELANGRIK:** Dekkings en Dragtigheid verslag: # Fetusse / # Ooie Gedek berekening bygvoeg
- **BELANGRIK:** Dekopsomming per Ram en/of Seisoen verslag: By Dragtigheid 'n kolom # Fetusse bygevoeg
- Logix Hoofdata Lêer intrek: Trek nou ook inspeksiedata in
- Hoofskerm > Kudde Uitleg > Wol afdeling: Graad veld bygevoeg
- Döhne Merino ras: Graad A en AA bygevoeg by Afdeling
- Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm: Karkas Gewig bygevoeg by Multi Verander
- Vagtoets Kontrolelys: Vorige Skeerdatum, Huidige Skeerdatum, ens. word nou gedruk indien dit dieselfde is vir alle gekose diere

GAME Module:

- **BELANGRIK:** Horinggroei Evaluasie verslag: Opsie bygevoeg om slegs (onaktiewe) van die betrokke teler in te sluit, met ander woorde on onaktiewe diere van ander telers uit te sluit

- **BELANGRIK:** Stamboom verslag > Eie Uitleg: Opsie om die *langste* (ipv die laaste) horingmate te kan insluit
- Horingmates Evaluasie verslag: Bloedlyn kolom bygevoeg
- Stuur BenguFarm Dieroordraglêer: Opsie "Sluit Nageslag van Moeders van Geselekteerde Diere" bygevoeg
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Horingmates: Opsie bygevoeg om horinggroei (dm/md) in *aparte* kolomme te vertoon
- Gemiddeldes en Tendense verslag: Kan horin*groei* (dm/md) as eienskap kies (ipv horinglengte)

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir algemene bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon:

BEEF module:

- Inleidende kursus 12-13 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 14-15 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 19-20 Februarie 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 21-22 Februarie 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 5-6 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 7-8 Februarie 2019, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 5-6 Maart 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 7-8 Maart 2019, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Besig met beplanning van kursusse vir 2019.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na leslie.bergh@vodamail.co.za en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met al die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules is opgedateer om voorsiening te maak vir al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan met webblaaier na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

Om 'n verslag te skep van diere in 'n spesifieke kamp wat *nie* teen 'n sekere siekte ingeënt is nie, gaan na Verslae > Siektes, Voorkoming en Behandeling > Inentings, Doserings en Aanvullings > Kies Kamp en "Nie Geënt/Dosering of Aanvulling Ontvang Nie"]. Daar is ook 'n opsie om 'n werklys te skep.

oOo